DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

Redaksioneel

EK WIL OORSEE GAAN

Dit is die gedagte wat deur baie jongmense se koppe gaan as hulle aan die einde van hulle skool- of studie-loopbaan kom. Sommige mense sê dis ‘n goeie ding, ander sê weer dis gevaarlik om alleen uit jou beskermde omgewing te gaan.

Wat is dit wat ons jong mense soontoe trek? Is dit die onbekende? Of die skielike volkome vryheid wat 'n mens soek? Of is dit om weg te kom en jou lewe weer oor te begin? Of om jou visie te verbreed?

So ‘n geleentheid kan baie voordele inhou. Dit wys aan jou hoe ander mense, veral kerkmense, in die wêreld staan. Dit wys hoe baie naby is die ander eredienste aan ons s’n, al is die afstand so groot. Dan is dit ook wonderlik om te kan sien dat die KERK veel groter is as wat ons besef. Daar is soveel kerke wat God op dieselfde manier dien as wat ons dit doen en dit is oral oor die wêreld. As 'n mens in Suid Afrika woon dan weet jy wel dat daar nog kerke in Nederland is, maar ons besef nie altyd hoeveel kerke daar werklik oor die wêreld is nie. Ons kan sien hoe ander Christene in verskillende omgewings funksioneer. Die invloed wat die omgewing op hulle het en hoe hulle hul Christenskap in daardie omgewing uitleef.

Ons kan daarby leer, maar ook ons mening en ervaring met hulle deel. Ons kan mekaar ondersteun en so ook help bou aan God se koninkryk.

Namens die redaksie
Johannes de Vries

INHOUD

Uit die Woord	Hebreërs 13:15		2
	Wees roepingsgehoorsaam	Gerda de Jager	3
	My verhouding met die Here beïnvloed my hele lewe	Clara van der Vinne	3
Oppad	"HIV/AIDS is among us"	Jan van Houwelingen	4
	Bejaardes en Oudstes van die volk	Frank Douma	5
	Kinders mag nie die nagmaal gebruik nie	Le Clué Nienaber	6
	Jongelinge en Ouderlinge	D Drijfhout	6
	Kongres 1999	Jeugsentrale Pretoria	7
Voel jy ook so?	Kommunisme en Diakonie - 'n verskil?	Carina van Alten	8
	Wat is vloek?	Margreet Bron	9
Rehobot	Deur die sleutelgat		9
	Menings uit die Kaap		10
Nog iets	Lied van die Kinders	Lina Spies	11
Algemeen	Verjaarsdae		12

HEBREËRS 13:15

"Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely."

Sondag. Wat 'n voorreg! Ons mag weer kerk toe gaan. Luister na wat God aan ons wil sê deur sy Woord wat die predikant aan ons bring. Ons mag ook vanuit ons welvaart (al is daar verskil in die mate daarvan) wat God aan ons skenk ons offer gee in die kollekte. En wat 'n voorreg is dit nie om so konkreet God se seën in die diens te ontvang nie! Die gemeenskap van die heiliges kom ook so duidelik na vore. Almal vergader saam as God se kudde. En daarvoor moet ons Hom verseker loof en dank. En hoe doen ons dit? Natuurlik, deur sang en gebed!

Maar is dit so vanselfsprekend? Loof en dank ons Hom altyd daardeur? Is ons gedagtes en gevoelens daarby betrokke, of voel dit net soos nog 'n deel van die erediens wat afgehandel moet word?! Miskien is dit goed dat ons daarna gaan kyk HOEKOM ons in die erediens sing, maar ook HOE en met watter ingesteldheid ons dit doen.

Hoekom sing ons?
Sang neem in die erediens 'n groot plek in. 'n Mens kan dit amper vergelyk met die bring van 'n offer. God praat met ons deur die preek, sy wet en in die Bybelgedeelte. Ons kan daarin die majesteit sien van sy skepping. Ons mag aangespreek word op ons talle foute en sondige dade en gedagtes. Ja, God praat letterlik met ons!!

En bly ons dan stil? Antwoord ons dan nie ons Vader nie? Ignoreer ons Hom? Absoluut nie! Vir sy wonderdade en uitredding loof en prys ons Hom. Ons mag ook smeek vir uitredding en hulp. En hoe doen ons dit? Deur sang en gebed. 'n Offer wat ons aan Hom bring met ons stem!

Hoe sing ons?
Ek sit met my psalmboek op my skoot. My lippe beweeg en daar mag selfs geluide uit my mond kom. Ja, die woorde mag duidelik uitgespreek word en met die volume van my stem is niks verkeerd nie! Beteken dit ons loof, prys en aanbid God daardeur? Verseker! Maar dan net as jy met jou hele hart saamsing. Nie noodwendig probeer om die hardste te sing nie. Jou hele hart en verstand moet WEET wat jy sing. Nie net 'n herhaling van klanke nie. Jou hart moet geraak word deur dit wat jy sing.
Wanneer dit 'n loflied is, sal jy sing met oorgawe. Jy wil aan God eer en dankbaarheid toon. Die gemeente wil God se grootheid en goedheid uitbasuin! En as die klaaglied gesing word, vra dit noodwendig dat jy sal "voel" wat die psalm probeer sê. Jy sal God deur die sing daarvan vra om hulp, vergewing en uitredding.

Wanneer ons regtig tot eer van God wil sing, sal ons moet konsentreer en dink en voel wat ons sing. Wanneer die dominee bid, sit jy tog ook nie en rondkyk en vroetel nie? Jy luister met oorgawe. So moet ons sang ook wees.
Konsentreer daarom dan ook om by elke psalm of skrifberyming God se aangesig te soek met die sing daarvan. En dit geld ook vir voor die erediens. Hoekom sing ons dan so baie keer glad nie saam nie?

Laat ons dan gedurig aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely.

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Rinus Kamphuis
Lid: Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redakteur: Johannes de Vries
(johannes@ef.techpta.ac.za)
Penningmeesteresse: Cora Visser
Sekretaresse: Anneke de Jager
Lede: Annemarie de Vente & Margreet Bron

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting &
Christine van der Linden
Sekretaresse: Margreet Moes
Finansies: Jaco Haak
Lid: Erik van Alten

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Bijker Broers (krokkie@easy.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R35 per jaar

WEES ROEPINGSGEHOORSAAM

Gerda de Jager

"Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het." - 2 Timótheüs 1:9.

Die Here beveel elkeen van ons om in ons hele lewenswandel op sy roeping te let. Want Hy weet hoe dit hier binne kook en woel. Hy weet hoe maklik ons heen en weer geslinger word. En Hy weet hoe eersug ons aanvuur om terselfdetyd aan verskillende moontlikhede vas te hou.
Gevolglik het Hy aan elkeen sy besondere pligte op die verskillende lewensterreine opgedra. Sy bedoeling is om te verhoed dat alles deur ons dwaasheid en onbesonnenheid deurmekaar loop. En ten einde seker te maak dat niemand sy grense onordelik oorskry nie, het Hy bepaalde loopbane, roepings genoem.

Die Here het dus aan elkeen sy loopbaan as`t ware as 'n wagpos aangewys. Die rede daarvoor is dat hy nie gedurende sy hele lewensloop doelloos moet ronddwaal nie.

Die roepingsbepaling is so noodsaaklik dat al ons dade daarvolgens voor God beoordeel word. En dit geskied dikwels heeltemal anders as volgens menslike en wysgerigte oorwegings. Geen daad word as voortrefliker beskou nie - ook onder die wysgere - as om jou vaderland van tiranne te bevry. En tog word hy wat as private persoon die hand aan 'n tiran slaan, openlik deur die stem van die hemelse Regter veroordeel. Maar dit gaan vir my nie oor 'n opsomming van voorbeelde nie. Dit is vir ons genoeg om te weet dat die roeping van die Here die beginsel en die fondament is om in elke taak goed op te tree.

ROEPINGSBEWUSTHEID BESIEL JOU

"Broers, ek verbeel my nie dat ek dit self al gegryp het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. Ek jaag na die wenstreep om die hemelse prys te behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus." - Filippense 3:13,14

Wie nie aan die roeping van die Here vashou nie, sal nooit in sy pligsbetragting op die regte pad bly nie. Miskien sal iemand soms iets kan doen wat die indruk wek dat dit lofwaardig is. Maar hoe dit ook in die oë van mense skyn te wees, voor die troon van God sal dit verwerp word. Bowendien sal hy geen innerlike ewewig hê nie.

Jou lewe sal dus slegs baie goed beplan wees as dit volgens jou roeping ingerig is. Want dan sal niemand impulsief meer aanpak as wat sy roeping meebring nie, omdat hy weet dat hy sy grense nie mag oorskry nie. Wie 'n gewone burger is, sal dit nie moeilik vind om 'n alledaagse lewe te voer nie, sodat hy sy roeping waarin God hom gestel het, nie verlaat nie.
Verder: dit sal in sorge, arbeid, ergenisse en ander laste geen geringe verligting bring nie, wanneer iedereen weet dat God sy Leidsman in alles is. Die owerheid sal sy amp met groter bereidwilligheid waarneem, en die huisvader sal hom tot sy roeping bepaal. Almal sal in hul eie lewensloop die onaangenaamdhede, die sorge, die walglike en die kommer kan verdra en verwerk. So sal dit wees as hulle oortuig is dat elkeen se las deur God opgelê is. En daar sal ook buitengewone troos uit die wete geput kan word dat geen werk so gewoon en alledaags is dat dit nie voor God skitter en as baie kosbaar geag word nie: jy moet slegs gehoorsaam aan jou roeping wees.

MY VERHOUDING MET DIE HERE BEÏNVLOED ELKE DEEL VAN MY LEWE

Clara van der Vinne

Hy het hulle nog ’n gelykenis vertel: “Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat ’n vrou gevat en in ’n groot skottel meel ingewerk het totdat dit heeltemal deursuur was.” - Matthéüs 13:33

Weet jy hoe om brood te bak? Ek self is nie ’n kenner nie, maar ek weet wel dat jy nie brood kan bak sonder suurdeeg nie. Dis immers die suurdeeg wat die deeg laat rys. Daarsonder sal die brood beslis nie eetbaar wees nie. Verder gebruik jy ook nie ewe veel meel en suurdeeg nie. Jy gebruik net ’n klein bietjie suurdeeg. Dit is genoeg om die hele bak deeg te deursuur.

Só werk die Koninkryk ook, sê Jesus. Aanvanklik dink jy dalk dat dit nie juis ’n ingrypende verskil aan

jou lewe sal maak, om die Here as jou Verlosser te hê nie. Dit is egter nie so nie. Daar is geen deel van jou lewe wat nie hierdeur aangeraak word nie. Om 'n Christen te wees, beïnvloed die manier waarop jy soggens opstaan, deur die dag lewe en saans gaan slaap. Dit beïnvloed wat jy doen, wat jy sê en selfs wat jy dink. As Jesus jou Koning, Verlosser is, is Hy dit vir elke faset van jou lewe.

Net so gaan die Koninkryk van die Here ook aan deur die wêreld. Dit is die hele tyd besig om uit te rys en te groei – net soos daardie suurdeeg by die

meel. Dit het klein begin, by die twaalf manne – die dissipels, maar dit word elke dag groter. God is in beheer. En niemand kan sy Koninkryk keer of weerstaan nie.

Matthéüs 6:33
Nee, beywer julle allereers vir die Koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.
Soek allereers die Koninkryk!

"HIV/AIDS IS AMONG US"

Jan van Houwelingen

Met hierdie woorde begin President Mbeki sy skrywe aan die nasie om die erns van die Vigs-epidemie onder oë te bring en die *Partnership Against HIV/AIDS* bekend te stel. Dit is 'n harde oproep aan alle Suid-Afrikaners om te voorkom dat die HIV-virus verder sal versprei.

Meneer Mbeki is reg as hy direk met die harde feite vorendag kom, naamlik dat die Vigs-virus ondertussen deel geword het van ons samelewing. 'n Mens skrik as hy verder vertel dat daar elke dag 1500 mense met die HI-virus besmet word, terwyl daar alreeds 3 miljoen Suid-Afrikaners besmet is. In die *TIME-magazine* het ek nog meer skokkende syfers raakgeloop. Daar word byvoorbeeld verwag dat in die volgende drie jaar 250 000 Suid-Afrikaners jaarliks sal sterf aan Vigs, wat beteken dat daar 600 000 weeskinders elke jaar bykom. Laas jaar het alreeds 2.28 miljoen mense wêreldwyd gesterf aan hierdie stadige, maar geniepsige siekte. Verder het 'n pasgebore baba in Zimbabwe vyf jaar gelede nog 'n lewensverwagting van 61 jaar gehad, terwyl dit deesdae slegs 39 jaar is!

Hierdie probleem kan dus geensins met 'n skouerophaal geïgnoreer word nie. Dit is dus volledig op sy plek dat president Mbeki sy stem dik maak teen Vigs.

"By allowing it to spread, we face the danger that half of our youth will not reach adulthood. Their education will be wasted. The economy will shrink."

Almal wat hierdie artikel lees, sal seker weet hoe die HI-virus versprei. Dit is egter nie vanselfsprekend dat

alle Suid-Afrikaners dit weet nie. Daarom word daar groot staats-projekte geloots om die bevolking in te lig oor Vigs en die verspreiding en voorkoming daarvan. Mobiele klinieke reis die land plat om mense voorligting te gee en voorbehoedmiddels uit te deel.

Daar is egter op die oomblik slegs twee maniere om nie besmet te word met hierdie seksueel oordraagbare siekte nie. Die een is deur die onthouding van meerdere losbandige seksuele relasies en die ander is deur die gebruik van kondome.

President Mbeki besef self ook dat dit al maniere is om Vigs die hoof te bied. Hy rig dan ook die volgende versoek aan jonk en oud:

"But I appeal to the young people, who represent our country's future, to abstain from sex for as long as possible. If you decide to engage in sex, use a condom.
In the same way I appeal to both men and women to be faithful to each other, but otherwise to use a condom."

Dit klink soos 'n refrein: "*use a condom*". Dit is regtig baie jammer dat die mensheid sover gekom het dat hulle toekoms aan die sterkte van 'n kondoom hang. By die anti-vigs dae op UP se kampus staan daar by die ingangshek 'n groot kartonhouer met kondome. Dit laat 'n mens dink aan 'n standbeeld. Soos wat 'n mens standbeelde oprig vir helde, sal ons

seker eendag ‘n standbeeld vir ons nasie se redder – die kondoom – moet oprig…

Tog kan ek nie sê dat president Mbeki iets anders moes skryf nie. Hy noem mos as eerste voorkoming om geen losbandige seksuele relasies te hê nie. Hy mag ook nie so idealisties wees om te verwag dat alle mense hulle aan die oproep om slegs een seksuele relasie te hê, sal hou nie. En wat hyself ook sê: *“You have the right to live your life the way you want to.”*

Ons mag ook nie ‘n harde oordeel fel oor die mense wat Vigs onderlede het nie. Dat die siekte onder swart mense meer voorkom as onder die blankes is nie ‘n bewys dat die blankes trouer aan hulle *partners* is nie. Word daar onder blankes nie ook maar vreeslik baie geskei en rondgeslaap nie? Miskien het die blankes net ‘n langer kultuur van voorbehoeding. Verder moet ons die hand in eie boesem steek, omdat die opbreek van gesinne, (wat die onafwendbare gevolg van apartheid was) ontrou en losbandigheid in die hand gewerk het. ‘n Groot probleem is ook dat die swart tieners na skool op hulle self aangewese is en nie onder enige toesig staan nie.

“They are human beings like you and me. When we lend a hand, we build our own humanity, and when we remind ourselves that, like them, each of us can become infected.”

Dit staan dus as ‘n paal bo water dat álle Suid-Afrikaners saam moet probeer om teen die aanwas van die epidemie te veg. Ons moet die probleem egter by die wortel aanpak. Ons moet die mense weer op die rykdom van 1 (seksuele) relasie tussen man en vrou wys. ‘n Relasie waarin liefde en respek vir mekaar se liggaam die botoon voer. Veral Christene moet weer opgeroep word om hulle lewe weer na die Bybelse norme en waardes in te rig, want ons grootste stryd moet teen die mees geniepsige van alle virusse wees, SONDE.

Mag ons land se oog nie op die sterkte van die kondoom gerig wees nie, want dit bied nie volkome uitkoms nie. Mag die vigs-pasiënte goeie ondersteuning uit die gemeenskap kry en laat ons hoop dat hulle Christus as Koning en Verlosser mag leer ken, sodat die lyding wat hulle op aarde geken het, vervang mag word met ewige vreugde en gesondheid van liggaam én siel op die Nuwe Aarde.

BEJAARDES EN OUDSTES VAN DIE VOLK

Frank Douma

Baie van ons het geen oupa of ouma naby nie, of hulle is al oorlede of hulle bly oorsee, bv. in Nederland. Ek dink dit is ‘n jammerte want grootouers kan baie vir hul kleinkinders beteken.

Maar ons as jeug kan tog vir die bejaardes in ons gemeente iets beteken en hulle ook vir ons, want hulle het al meer lewenswysheid as ons jongmense. Dit kan baie leersaam en interessant wees om na bejaardes te luister.

Ook is dit baie belangrik om hulle met respek te behandel. Reeds in Egipte het Israel al sy Oudstes van die volk gehad. (Exodus 3:16 ea) Met Oudstes moet ons verstaan dit is die geslags- en familiehoofde wat elke stam verteenwoordig het, en in sekere opsigte leiding gegee het. Dit beteken dat hulle met wysheid beklee was.

Ook in die Nuwe Testament kom Oudstes voor. Veral in die jong Christelike kerke is die leiding aan die Oudstes oorgedra.



Hierdie jaar is die Jaar van die Bejaardes. Dit is baie goed dat die samelewing bewus gemaak word van die bejaardes, want daar is baie eensaamheid onder hulle. Maar ons as Christene het nie ‘n wêreldse instelling nodig om aan ons bejaardes te dink nie. As ons na die wet kyk dan lees die vyfde gebod “Eer jou vader en jou moeder” en dit kan ons dan deurtrek na die bejaardes.

Miskien moet ons as jongmense meer daaraan dink om bejaardes te besoek, want daar is bejaardes sonder familie.

Laat ons ander mense behandel soos ons graag behandel wil word.

KINDERS MAG NIE DIE NAGMAAL GEBRUIK NIE

Le Clué Nienaber

Ons almal word dikwels gekonfronteer met kerkgebruike wat nie reg is volgens die Bybel en ons belydenisskrifte nie. In hierdie verband kry die gemeente in Bethal baie te doen met die kindernagmaal, wat in die kerke rondom hulle algemene gebruik is. Dit is in hierdie opsig dus nodig om as skolier of student, te midde van kerkmense met 'n verwronge nagmaalsidee, die regte belydenis oor die nagmaal te beskerm en selfs te verdedig indien nodig. Hier word die beginsels van ons nagmaal teenoor die kindernagmaal neergelê. Enige reaksies en verdere ondersteuning sal baie waardeer word (red.).

Kinders mag nie die nagmaal gebruik nie. So leer ons kerk ons uit die gereformeerde belydenisskrifte nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Enige persoon moet as aansoeker aan die nagmaalstafel self 'n geloofwaardige gereformeerde lewenswyse toon.

Die dooplidmaat word toegelaat tot die nagmaalstafel nadat hy/sy deeglik deur die kerkraad geëvalueer is ten opsigte van die persoon se geloofsbelydenis en lewenswyse en nadat hy/sy belydenis van geloof afgelê het voor die gemeente. Dit gebeur wanneer die persoon onderskeidingsvermoë toon en dan op eie versoek 'n belydende lidmaat wil word. Kyk in hierdie opsig na die formulier vir die aflegging van belydenis in die kerk.

Ek verstaan 1 Korinthiërs 15:27 as volg: Dit waarsku ons teen 'n onwaardige gebruik van die nagmaal. Die woord "onwaardig" beteken ook "ongepas" en "nie op die regte wyse nie". Daar is duidelik 'n regte en verkeerde manier van nagmaal gebruik.. Hierby voeg Paulus dan nog dat die nagmaalganger homself moet " beproef en so van die brood eet en uit die beker drink." Die klem lê duidelik in die eerste plek op die besluit van die persoon wat self die brood en beker na sy lippe bring.

Hy moet eers self weet of hy waardig met die sakrament besig is, hy moet homself oordeel en beproef. Dit is duidelike kenmerke van geloofsvolwassenheid wat hier voorgehou word en nie of iemand net sê dat hy of sy 'n gelowige is nie. By dit alles voeg Paulus nog 'n verdere waarskuwing en dit is dat die hele gemeente die verantwoordelikheid dra van elke enkeling se oordeel by die gebruik van die nagmaal. 'n Persoon wat onwaardig die nagmaal gebruik, bv. persone wat nog nie belydenis van die geloof afgelê het nie, eet en drink eerstens 'n oordeel oor homself en tweedens oor die hele gemeente. Omdat hy nagmaal goedkoop maak, maak hy die liggaam van die HERE ook goedkoop.

Om mee af te sluit: 'n Kerk wat ernstig is oor 1 Korinthiërs 11 sal eerder minder mense aan die nagmaalstafel hê as kerke wat dwaal ten opsigte van die nagmaal.

JONGELINGE EN OUDERLINGE

(Minikongres Maranata 22 Mei 1999) D Drijfhout

Die doel van die minikongres was: gesprek tussen jongelinge en ouderlinge. Miskien meer in die opsig dat die ampsdraers luister. Luister en probeer verstaan.

Messelink, soos aangehaal deur J Moes (1995) skryf: "Die eerste wat ons in die kerk moet leer is om na jong mense te luister. Want dit is my oortuiging dat ons, ouers en oueres, dikwels nie werklik 'n gesprek met jong mense voer nie."

En dit is waar. Hoeveel diep gesprekke vind daar nog plaas in ons gesinne? Hoeveel word daar nog gediskusseer? En hoe kan 'n goeie diskussie plaasvind sonder die kuns van luister? Daar moet geluister word na mekaar, dit is noodsaaklik om met mekaar om te gaan, maar allereers moet ons **saam** bereid wees om na God se Woord te luister. Oud en jonk. **Eers** spreek die HERE, en daarna kom ons aan die woord.

Dit bepaal ook die verhouding tussen ampsdraer en jongmens. Eers saam luister na wat die **HERE** vir ons **vandag** sê.

Die jeug bestaan uit jongmense met elk hul eie leeftyd, afkoms, verlede, plek en gawes. Die ampsdraer het selde met die jeug as homogene groep te doen. Maar tog weer aan die ander kant staan ons almal saam in die een gemeenskap van God se volk. Arnold (1985) skryf in hierdie verband: "Alle individualisme moet ons uit ons gedagtes ban, terwyl ons ook elke vorm van

kollektiwisme moet vermy: dit gaan oor 'n kind, elke keer weer 'n baie **besondere** kind, en dit gaan oor daardie kind **persoonlik**, maar binne daardie **gemeenskap** wat die lewe is en lewe gee".

Dit moet ons dus ook in gedagte hou as ons praat van die verhouding van die jeug met hulle ouderlinge en diakens. Binne die gemeenskap van die heiliges staan ons **saam** en elkeen **persoonlik** verantwoordelik teenoor God.

Maar wie is hierdie jeug waarvan ons praat? Arnold gee sewe antwoorde op hierdie vraag:

- Eerstens is julle jongmense, net soos alle mense, **kosbaar** in die oë van die Here. Geskape na die beeld van God en geroep om sy beeld te wees.
- In die tweede plek is julle **kinders van die gelowiges**, erfgename van God en van sy koninkryk.
- In die derde plek is julle nie net kinders van gelowige ouers nie, maar in die meeste gevalle ook kinders van **gelowige oupas en oumas**. Hulle moet mos ook die groot dade van die HERE aan hulle kinds(klein)kinders vertel?
- In die vierde plek is julle nie alleen kinders van julle ouers en grootouers nie, maar ook kinders van **gelowige voorouers** en van vroeëer generasies (geslagte).
- In die vyfde plek is julle **kinders van God**.
- In die sesde plek is julle as kinders van God doelbewuste **aanvalsteikens van Satan**. Dit is dus belangrik dat julle gewapen word en van die begin af geleer word om die wapens te hanteer.
- Ten slotte in die sewende plek is julle as jongmense baie **swak**; in sondes ontvang en gebore. Julle moet dus ook na die beeld van God vernuwe word. Wedergebore word om die stryd te kan staan. Dit verg baie, besonder baie liefde en geduld van ouers, grootouers, onderwysers, predikante, ampsdraers.

Maar wat van die ouderlinge en diakens? Wie is hulle?

Miskien moet ons in die eerste plek vasstel dat ampsdraers deel is van die **ouer geslag** in die gemeente. As dit reg is, is hulle mense wat die Here ken. Mense wat die liefdesomgang met die HERE beoefen en geniet, wat weet van sy trou. Hulle het mos vir tientalle jare preke gehoor, nagmaal gevier, die doop laat bedien. Hulle weet uit hulle eie lewe dat die HERE sy beloftes waar maak, hulle weet ook wat die gevolge is van kerkverlating, dat die HERE hom of haar wat Hy liefhet tugtig. Hulle kan met bewoënheid die jeug waarsku. Hulle het lewenswysheid en perspektief op die lewe. Praat ons nou van die perfekte ideale ampsdraer?

Nee, maar, soos die geval met die beeld van God, gaan dit hier oor die **ampsdraer se roeping** en **God se beloftes**. Die ampsdraer is deur God **geroep** tot kennis en wysheid. En die kennis en wysheid word aan hulle **belowe**. Dit gaan hier nie oor 'n menslike ideaal nie. Dit gaan hier oor sake wat God in sy verbond met ons vasgelê het.

Die Bybel is duidelik hieroor: "*Dink aan die dae van die ou tyd, let op die jare, van geslag tot geslag; vra jou vader, dat hy jou dit bekend maak; die ou mense (ook ouderlinge), dat hulle jou dit sê"* - Deuteronómium 32:7 - die lied van Moses.

Ouderlinge en diakens het dus 'n **roeping** ontvang. Hulle is deur God aangestel en daar is bepaalde **verpligtinge** wat dit meebring. Hulle doen hulle werk dus nie uit vrye keuse nie. Die band tussen jeug en ampsdraer is nie 'n relasie wat op grond van vrye keuse of gemeenskaplike interesse tot stand kom nie.

(word vervolg)

KONGRES 1999

Jeugsentrale Pretoria

Die jeugsentrale van die VGK Pretoria het die voorreg om hierdie jaar die kongres te reël en aan te bied. Ons het vroeg in die jaar reeds begin om te besin oor verskeie aspekte waaroor daar meningsverskille bestaan. Ons het ook verskeie mense genader om hulle opinies in die Olielamp weer te gee. Graag wil ons van hierdie geleentheid gebruik maak om die persone wat hul menings gelug het, te bedank.

Dit is nou seker die tyd om as organiseerders 'n woord in te kry. Ons het hierdie jaar 'n voorafbepaalde beleid opgestel - en gaan probeer om dit ten nouste toe te pas. Die doel van die artikel is om die voornemende kongresganger in te lig - sodat hy / sy nie by die aankoms verras word nie. Die volgende aspekte word geraak:

- Die gebruik van drank
- Die speel van en tipe musiek
- Die toelatingsbeleid.

Die primêre doel van die kongres is om God se Woord te ondersoek en bestudeer. Dit word bereik deur werkswinkels, Bybelstudie en ook ons omgang met mekaar. Die sekondêre doel is om mekaar beter te leer ken en dit word bereik deur sport en ontspanning.

Die kongresganger moet verstaan dat die beleid wat gestel word, 'n goed deurdagte oplossing vir die gegewe probleem probeer gee. Om weer in diepte in die verskillede debatte in te gaan, lê buite die strekking van hierdie inligtingsstuk.

Drank
Geen alkohol word op die Kongres toegelaat nie. Daar sal nie bier verkoop word nie - en die kongresganger mag geen alkoholiese drank van buite saamneem nie. Daar sal wyn beskikbaar wees vir die jaarlikse kersete.

Musiek
Die speel van musiek word aan 'n musiek kommissie toevertrou. Nie enigiemand mag na sy/haar goeddunke sy/haar eie musiek speel nie. Die musiek sal slegs op gekontroleerde tye gespeel word - en op so 'n wyse dat dit nie steurend sal wees vir die wat wil slaap nie.

Toelatingsbeleid
Kongresgangers moet lid wees van een van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika - of belangstelling toon in die kerklike aktiwiteite. Die motivering om kongres toe te gaan moet aansluit by die doel van die kongres. Die kongresganger moet bereid wees om by die kongresbeleid en reëls in te pas. Die kongresganger moet 16 jaar of ouer wees - en waar van toepassing - reeds lid wees van die ouer jeugvereniging.

Hierdie beleidsinstrumente is opgestel na aanleiding van vorige jare se kongresse, en hiermee hoop ons om die probleme wat ondervind is, aan te spreek.

Voel jy ook so?

KOMMUNISME EN DIAKONIE - 'N VERSKIL?

Carina van Alten

"En almal wat gelowig geword het, was bymekaar, en het alles gemeenskaplik besit. En hulle eiendomme en besittings het hulle verkoop en die opbrings onder almal verdeel, volgens wat elkeen nodig gehad het." - Handelinge 2:44 en 45

Is kommunisme dan wel Bybels? Wanneer ons hierdie teks lees, kan ons dalk so dink. Die idee wat as grondslag van kommunisme dien, is dalk nie so sleg nie - ja, dalk nog prysenswaardig, maar in die praktyk het die teenoorgestelde geblyk.

In die praktyk het die kommunistiese samelewing verdeeld geraak in twee groepe: die bevoorregtes wat aan die bewind was en beheer oor die ekonomie gehad het, en aan die ander kant die bevolking wat slegs van die luukses van hulle regeringsamptenare kon droom. Die kommunistiese leierskap het hulself op die ou einde verryk ten koste van die bevolking, wat hulle volgens hul ideologie eerder sou moes dien.

Hierteenoor is die instelling van die diakonie duidelik iets wat voortspruit uit naastediens en broederliefde in die gemeentes wat Christus vir Hom vergader, soos ons uit God se Woord kan lees in 2 Korinthiërs 9:7, waar staan: *"Laat elkeen gee soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of uit dwang nie, want God het 'n blymoedige gewer lief."*

In die lig van hierdie teks moet elkeen sy bydrae vir die kollekte oorweeg. Iemand anders mag dit nie vir hom voorskryf nie, maar hy moet dit "in sy hart voorneem". In sy binnekamer waar hy voor God staan, moet die saak beslis word. Dan moet hulle die bydrae waarop hulle besluit het, gee in die wete dat God dit tot seën sal laat strek. Hierby is geen ruimte vir verdriet of gevoel van dwang nie. Iemand wat so die saak voor God uitmaak, is vry van verdriet oor die grootte van sy bydrae, of ook van die gevoel dat hy onder dwang geplaas is. Hy kan met blymoedigheid sy offer bring, want God het 'n blymoedige gewer lief.

Laat ons mekaar dan opwek tot ywer in die uitdeel van ons gawes, nie net op die gebied van geld nie, maar ook om teenoor mekaar naasteliefde te betoon. Besef ons die groot genade wat ons gekry het? Hiervan lees ons in 2 Korinthiërs 8:9: *"Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van ons arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word."* Met vreugde mag ons hiermee verder gaan.

WAT IS VLOEK?

Margreet Bron

"As ons alle TV-programme en videos moet uitgooi waarin God se Naam gebruik word, kan ons niks meer kyk nie…. !"
Om te vloek of nie te vloek nie, begin eintlik al op 'n baie jong ouderdom. Daar is niks wat 'n kind vinniger optel as 'n vloekwoord nie. Dis iets wat jy net een keer hoef te sê.

Die meeste van ons het as kinders redelik beskermd groot geword. Pa en Ma het by voorbaat nie gevloek nie. Ons maats by die gereformeerde laerskool het ook hulle bes gedoen om nie die vloekwoorde wat hulle langs die pad hoor by hulle woordeskat te voeg nie en op die TV en radio was die taalgebruik oor die algemeen netjies. Alle vloekwoorde is gesensor of "gebieb" vir die kyker of luisteraar se onthalwe. Vir ons as Christene was daar dus nie soveel probleme wat kykstof op TV betref nie.

Maar vandag is dit beslis anders. In die onskuldigste kinderverhale en videos wat deesdae beskikbaar is, word gevloek. Dit stop nie by die algemene kragwoorde wat jou jou oë laat toeknyp by die aanhoor daarvan nie, dit is veral die gebruik van God se Naam wat die hare laat rys.

In 'n onlangse gesprek met 'n paar jongmense is daar tereg opgemerk: "As ons al die TV-programme en video's waarin God se Naam gebruik word moet uitgooi, bly daar vir ons niks oor om te kyk nie. "
Hoe waar is die stelling nie! Selfs om vir jong kinders sinvolle "vloeklose" kykstof te vind is moeilik.
Die gebruik van kragwoorde is een manier om uitdrukking te gee aan gevoelens en dan is daar die lastering en ligtelike gebruik van God se Naam.
Die derde gebod sê dat ons die Naam van die Here ons God nie ydelik mag gebruik nie. In die Hebreeuse taal staan daar letterlik: "Jy mag die Naam van die Here nie ophef tot ydelheid nie." Ydelheid is nietigheid, waardeloos, verganklik. Om God se Naam te laster is om Hom doelbewus oneer aan te doen en die aanhoor van die doelbewuste lastering is om deel te hê daaraan. Wanneer 'n draaiboek vir 'n nuwe fliek geskryf word, word alles haarfyn uitgewerk en net die beste woordkeuses en uitdrukkings word gebruik. Die kragwoorde en gebruik van God se Naam staan ook in die teks geskryf wat deur die akteurs ingeoefen word. **Dit** val dan tog sekerlik onder doelbewuste lastering van sy Naam? Volgens Sondag 36 vraag en antwoord 100 is geen sonde groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie.

Die Naam van God kan ook ligtelik – sonder moeite en sonder erns-gebruik word. Dit is om verdraaide vorme te gebruik . Woorde soos "jissie" en "jislaaik" of uitdrukkings soos "die vader alleen weet" en "my heerlikheid". Die woordeboek van die Afrikaanse taal skryf bladsye vol oor die verskillende verdraaiings en uitdrukkings en watter van die baie wel of nie van die Naam of Hoogheid van God afgelei is nie. In die gebruik van die woorde kan ons onsself maklik verontskuldig deur te sê dis onbewus of ons bedoel dit nie so nie.
Wanneer twyfel bestaan of die gebruik van 'n woord neerkom op ligtelike gebruik, behoort dit beslis vermy te word.

En die lastering van God se Naam of die blote aanhoor daarvan op TV of êrens anders? As ons God liefhet met ons hele hart en met ons hele verstand en met al ons kragte…en as ons bid wat die Here Jesus ons geleer het: "Onse Vader wat in die hemel is , **laat u Naam geheilig word"**…. . Mattheüs 6:9, sal die keuse duidelik wees omdat **Hy** ons dan by die keuse help.

DEUR DIE SLEUTELGAT

Julie maand het al begin en dit beteken dat die eerste helfte van die jaar verby is. Die jaar gaan ongelooflik vinnig en 'n ou kry skaars kans om stil te staan. Maar die eksamens is verby en nou is dit uiteindelik vakansie. (Vir die van ons wat nie werk nie.) Baie van die jeug het laat spaander, elkeen in verskillende rigtings. 'n Hele paar is vir die vakansie Transvaal toe. Maaike het besluit dit is nie ver genoeg nie en het, na lank gespaar, haar wortels gaan opsoek in Nederland. Arme Johan sit met sy giftige kar alleen tuis en kan maar net droom van hoe lekker dit sou kon gewees het om saam te gaan. Na wat ek verneem het die Namibiese duine ook 'n vreemde aantrekkingskrag. Vir die wat hierdie vakansie die tuisbly karretjie ry: geniet dit solank julle nog kan.

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

'n Groepie van die jeug was tog aktief die laaste tyd. Ons het ons nuwe president se inhuldiging gevier deur Tafelberg te beklim. Half nege soggens was die vertrektyd. Maar volgens tradisie het ons pas kwart oor nege vertrek. Kwart oor tien het ons begin stap van Constantia nek af. Die weer was perfek en die gees net so goed. Die plan was om tot by die sweefspoor te stap, maar weens fisieke kwellings van sommiges wat begin pla het, het ons voor dit terug gedraai.

Dit was nogal 'n stewige stappie gewees en ek was weereens verbaas oor die jeug se fiksheid. Nog meer verbaas was ek toe 'n paar rou Hollanders nog nie moeg was toe die res van ons wou omdraai nie. Hulle het dan nie eers berge in Holland nie en dan sit hulle ons amper ore aan.

'n Klein groepie van die jeug het ook gaan wyn proe. Hierdie keer was die Paarl omgewing slagoffer van die VGK-jeug. Om die paar Nederlanders wat saam gegaan het 'n bietjie agtergrond van wyne te gee, het ons by KWV op 'n begeleide keldertoer gegaan. Ek moet sê ek het nogal heelwat geleer van wyne. Blykbaar word die goed van druiwe gemaak.



Die mense wat ooit in die berugte BMW saamgery het moet miskien bly wees dat hulle so goed daarvan af gekom het. Nee, ek praat nou nie van ry styl nie, alhoewel dit ook 'n "rollercoaster" ervaring is. Ek het gehoor dat die ding soveel petrol suip, dat hulle al tweekeer gaan staan het sonder brandstof. Die een keer was nogals in gietende reën ver van 'n petrolstasie af! Dit het miskien ook te doen met die feit, dat alle waarskuwings-liggies geïgnoreer word. Die BMW sal nie meer met ons wees teen die tyd wat hierdie feite gepubliseer word nie, maar mag daar iets voor die tyd uitlek, PASOP VIR DAAI TJOR!

Een ding wat maar altyd sukkel is die "koffiedrink". Alles word op die laaste nippertjie georganiseer en dis baie keer by dieselfde mense. Die jeugsentrale het besluit om 'n lys van datums op te sit waar almal dan 'n Sondag kan uitkies. So hoef ons nie altyd by dieselfde mense koffie te drink nie en so kry almal ook 'n kans om 'n slag gasvrou te wees (lekker geëmansipeerd). Met so 'n lys maak die bestuur dit maklik vir die jeug om 'n koffiedrink te organiseer. Die vraag is dat ALMAL nou ook gaan saamwerk deur 'n slag 'n koffiedrink by hulle huis te reël. In sommige gevalle is dit moeilik, maar laat ons hierdie skoen aantrek as dié ons pas en nie al die verantwoordelikheid by die jeugsentrale laat nie.

Ten slotte: Almal wat hulle eksamen geslaag het: Baie Geluk! Hoop die laaste ses maande van die jaar is net so suksesvol. Nou ja, genoeg van my kant. Ek gaan nou eers weer 'n tydjie geduldig deur die sleutelgat loer.

MENINGS UIT DIE KAAP

1. Wat dink jy (u) van die geritsel van lekkergoedpapiertjies in die kerk? Wat sou jy kon doen om dit te verhoed?

Henri & Riana: Aanhoudende geritsel raak irriterend, eet pepermente.
Johan: Ek raak self lus vir pepermente. Deel vir almal uit!
Theo: Die geraas is vir my minder interessant as al die organismes wat van 'n peperment gekweek kan word as dit deur 'n ry beswete hande beweeg het. Dis 'n gesondheidsrisiko! 'n Oplossing is antibiotika saam met elke peperment.
Corrien: BAIE irriterend…omdat ek weet dis nie ék

wat die “sweets” mag eet nie!
Maartje: Niks, want ek is die een wat die hardste raas.
Arjan: Ek ondervind nie ’n probleem daarmee nie (solank jou konsentrasie is waar dit hoort).

Ewart: Solank dit my eie papiertjies is, is dit OK.
Frans: Is daar! Dan sit jy op die verkeerde plek.
Ds. Viljoen: Ek hoor dit en dit pla my. Dis nou nie so verskriklik erg nie, maar ek is bang vir die dag dat ek in ’n slegte bui is en iets daarvan gaan sê!

2. Beskryf ’n “embarrassing” oomblik wat jy al beleef het in die kerk, of by jeugvereniging of koffiedrink.

Johan: Wanneer jy ’n koppie breek en almal kyk jou aan.

Theo: Die keer toe ek my eie kettery by vereniging geglo het en vele ander saam met my oortuig het!

3. Dink jy die jeug (en dus jy) is ligsinnig?

Arjan: Soms.
Theo: In ons uiterlike gee ons onsself as ligsinnig voor, want in ons innerlike is ons te bang om ons ernstige lewensbeskouings, worstelings en kwelvrae met mekaar te deel.
Corrien: Nee. Niemand, behalwe Maarten, Arjan, Sandra, Carien…ag OK, almal. Marco & Kie: Die diep antwoord: Almal is soms ligsinnig, maar kan ernstig ook wees.
Peter: Baie tieners is onverskillig in hul tienerjare. ’n Mens het geduld daarmee, maar praat dit nie goed nie, omdat dit demotiverend is (op jeugvereniging byvoorbeeld).

4. Hoekom hou jy (nie) daarvan as die jeug by jou kom koffiedrink (nie)?

Antoinette: Ek het nie ’n pyn nie, solank almal die voorwaarde na kom: nie alle wyn uitdrink of al die chips opeet nie (los net een in die bak oor…net vir die idee), en die skottelgoed was na die tyd!
Peter: “Party forever, dishwashing whenever.”

Arjan, Magda & Frank: Ons hou daarvan, behalwe dat mense baie asosiaal is en, of nie gaan nie, of reëlings is swak.
Henri & Riana: Almal moet ’n bydrae maak en almal geniet dit – niemand mag kla nie!
Maaike: Almal vat oor en jy moet die gemors opruim. Dis altyd dieselfde mense wat help!

Nog Iets…

LIED VAN DIE KINDERS

Lina Spies

,,Laat die kindertjies na My toe kom”
Die Joodse seuntjie
wat sy armpies in die lug steek
voor die SS,
sy oë wyd gerek,
op sy mou die groot, geel Dawidster.

,,Laat die kindertjies na My toe kom”
Die Viëtnamese dogtertjie
oumens-krom aan haar stok geklem
op die slagveld heen en weer
terwyl oor haar bors
‘n kruisie hang.

,,Laat die kindertjies na My toe kom”
Die klein vergete Ier
op ‘n sypaadjie in Belfast
tussen die bloed en die bomme
wat opnuut sy land vrymaak.

Laat die kindertjies van Israel na My kom,
gevang in die kruisvuur by Ma’a lot –
bang hasies in ‘n bos wat brand.
Laat hulle kom, die gevreesde koningskinders van my volk
wat die Romeine doodgesteek het
toe in ‘n stal se stank van mis en bloed,
ek self die Kind van Betlehem was.

Verhinder hulle nie
Herodes
dissipels
soldate
grootmense

Hulle hoort in my koninkryk:
hulle weet van wonde
sonder om te twyfel of te vra.

Laat hulle kom
kinders van Dachau
kinders van Korea
kinders van Saigon
Ek sal hul teen my sy vasdruk
en my hande op hulle lê.

"Laat die kindertjies na my toe kom" is 'n direkte aanhaling uit Luk. 18: 16. Die lot van die Joodse kinders onder Nazi-vervolging, die kinders van Viëtnam en Noord-Ierland en die Joodse kindertjies van Israel word beklemtoon waar hulle onskuldig ly aan die oorlogsomstandighede. Dan word daar verwys na Christus se geboorte. Christus gee vandag net so om vir sy kinders as wat Hy vroeër omgegee het.

Let op die piramide van strofe 5. Die leiers, maar ook alle ander grootmense mag sy kinders nie verhinder om na Hom toe te kom nie.

Strofe 6 stel 'n duidelike voorbeeld aan alle mense. Ons moet weer soos klein kindertjies kan glo en nie twyfel nie, al gebeur daar wat ook al met ons. Christus sal sy kinders nooit verlore laat gaan nie, maar hulle vashou en hulle seën.

Karina Smit

VERJAARSDAE

Bethal

Elize Botha	25-Aug
Leclue Nienaber	12-Sep

Johannesburg

Leon Byker	13-Aug
Robbert van den Brink	14-Aug
Willem Swanepoel	2-Sep
Eunice Boessenkool	27-Sep

Kaapstad

Carina van Alten	6-Aug
Clara van der Vinne	6-Aug
Margreet Moes	6-Aug
Ewart Antonides	10-Aug
Sandra Scheltens	20-Aug
Wietske Douma	26-Aug
Monique Visser	28-Aug
Theo de Vries	29-Aug
Mirjam Raimond	31-Aug
Lieneke Eefting	3-Sep
Ernst-Jan van Vondel	4-Sep
Christine van der Linden	20-Sep
Christine Scheltens	24-Sep

Maranata

Ria de Vries	2-Aug
Annelie de Jong	6-Aug
Jurrie Eilers	17-Aug
Thea de Jager	17-Aug
Reinier Raimond	15-Sep
Mirjam de Vries	16-Sep
Gerda van Dyk	18-Sep
Hein Smit	23-Sep
Reinier van den Bout	27-Sep

Pretoria

Jan van Houwelingen	1-Aug
Erik-Jan de Wit	2-Aug
Wilma Lubbinge	3-Aug
Hilde Ros	5-Aug
Marja Hagg	5-Aug
Dorien Slump	16-Aug
Laurike Bosker	21-Aug
Albert Smit	22-Aug
Anja Kamphuis	22-Aug
Martin Kamphuis	22-Aug
Annet Lubbinge	23-Aug
Alida van der Horst	28-Aug
Nonka Bijker	4-Sep
Marius de Jager	8-Sep
Sjaak Hagg	12-Sep
Herman van der Linden	13-Sep
Sonja van der Veen	19-Sep